UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# COM1501 (469251)

Oktober/November 2017

## GRONDBEGINSELS VAN KOMMUNIKASIE

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE**
EERSTE ME MPN BVUMA
TWEEDE MEV MM VAN HEERDEN

---

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

| |
|---|
| **Hierdie eksamenvraestel bly die Universiteit van Suid-Afrika se eiendom en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie** |
| Hierdie vraestel beslaan **12** bladsye en bestaan slegs uit meerkeusevrae Die punt wat u behaal sal na 'n persentasie omgeskakel word en die semesterpunt sal bygetel word om u finale punt te bereken (indien u aan die minimum vereistes voldoen) |
| **Voltooi asseblief die bywoningsregister op die agterblad, skeur dit af en handig dit by die toesighouer in.** |

### BELANGRIKE INLIGTING

(1) Hierdie vraestel bestaan uit **50** meerkeusevrae

(2) Beantwoord al 50 meerkeusevrae deur **EEN** merkleesblad se voltooi Kies **EEN** korrekte antwoord vir elke vraag of die **EEN** aanvaarbaarste opsie wanneer dit met die ander opsies in elke vraag vergelyk word

(3) Maak seker dat u studentenommer, die kode van die vraestel **(COM1501) en** die unieke vraestelnommer **(469251)** op die **merkleesblad** verskyn

(4) Instruksies vir die voltooiing van die merkleesblad verskyn agterop hierdie vraestel

(5) Die merkleesblad moet voltooi word deur SLEGS 'n potlood te gebruik

(6) Nadat u die eksamenvraestel beantwoord het, moet u **die volgende inhandig**

- **EEN** merkleesblad
- **EEN** eksamenvraestel

**[BLAAI OM]**

**VRAE**

V1 Watter vorm van kommunikasie word aan kolletjies en strepies geken?

(1) Morsekode
(2) Semafoor
(3) Die fonetiese alfabet
(4) Die Internasionale Kode van Seine

V2 Radio speel 'n belangrike rol in ons daaglikse lewe Vir party mense is dit die enigste manier om te weet wat in die wêreld aangaan, omdat 'n radio enige plek en sonder elektrisiteit kan werk

Wie word as die vader van die radio beskou?

(1) Marconi
(2) Thomas Pringle
(3) Johann Gutenberg
(4) Vinton Cerf

V3 Wat is telependel?

(1) Dit is wanneer mense masjiene gebruik om met mekaar te kommunikeer
(2) Dit is interaksie tussen mense deur tweerigting-videofasiliteite
(3) Dit is wanneer verskillende mense dieselfde lyn op dieselfde tyd gebruik
(4) Dit is wanneer werkgewers rekenaars voorsien en mense in "tuiskantore" werk

V4 As u Saterdag die lotto wen, sal die eerste ding wat u doen waarskynlik wees om te skree, omdat daar 'n behoefte sal wees om hierdie inligting met iemand te deel Watter twee behoeftes sal deur hierdie kommunikasie bevredig word?

(1) 'n Psigologiese behoefte en die behoefte aan ego-bevrediging
(2) 'n Behoefte aan verhoudings en om inligting te deel
(3) 'n Behoefte aan besluitneming en liefdesvoorwerpe
(4) 'n Behoefte aan oorreding en 'n behoefte wat met die sin van self verband hou

V5 Watter opsie verteenwoordig die korrekte kronologiese vlakke van Maslow se hiërargie van behoeftes?

(1) Oorlewing, sosiaal, respek, veiligheid, selfaktualisering
(2) Oorlewing, sosiaal, selfaktualisering, respek, veiligheid
(3) Veiligheid, oorlewing, sosiaal, respek, selfaktualisering
(4) Oorlewing, veiligheid, sosiaal, respek, selfaktualisering